# Vrolike Vrydag Nuus
# Fakulteit Opvoedkunde

21 April 2023

## Intreerede: Prof Emmanuel Mgqwashu



Professor Emmanuel Mgqwashu het op 10 Maart 2023 sy intreerede, getiteld A timely question: How can we not talk about becoming a professor in transforming and decolonising higher education?, op die Potchefstroomkampus gelewer.

Prof Willie van Vollenhoven het 'n kort inleiding gelewer. Prof Lloyd Conley, uitvoerende dekaan, het die verwelkomingsrede gelewer en het die eer gehad om prof Mgqwashu se akademiese toga om te hang. Prof Lesley le Grange was die respondent vir hierdie lesing.

Professor Robert Balfour, adjunk-visekanselier vir Onderrig en Leer, het aan prof Mgqwashu sy sertifikaat oorhandig en hom gelukgewens.

Die res van die aand is saam met prof Mgqwashu se familie, vriende en kollegas gevier.

Om na prof Mgqwashu se lesing op YouTube te kyk, klik asseblief op hierdie skakel:
https://youtu.be/3JtkS2a3-fA .









# Engels vir Onderwys-kampe

Die Engels vir Onderwys-vakgroep het op 17 tot 19 en 24 tot 26 Maart twee kampe by die Achterbergh Kamp- en Konferensiesentrum, wat net buite Krugersdorp geleë is, vir studente van al drie kampusse gehou. Die doel van die kampe is om akademiese inhoud te hanteer en verhoudings tussen personeel en studente te smee. Die fokus was op gedigte, en veral gedigte uit die Romantiese tydperk.

Sessies het interaktiewe aanbiedings deur dosente oor die begin van digkuns en die ontwikkeling daarvan tot en met die Romantiese tydperk, en modellering van die onderrig en die deel van gedigte ingesluit. Die bou van verhoudings het ook aandag ontvang, en so ook studente wat die boodskappe van gedigte deur 'n fokus op figuurlike uitdrukkings visueel aangebied het, asook studente wat gedigte voorgedra het. Laasgenoemde was beslis 'n hoogtepunt, met studente wat hulle innovering en kreatiwiteit vertoon het.

Studente het vrye tyd tussen die sessies gehad en dit gebruik om die pragtige omgewing van die terrein te verken en om studente en personeel van ander kampusse as hulle eie te leer ken. Personeel van al die kampusse het tyd gehad om beste praktyke te deel en om in 'n meer informele opset kwessies van algemene belang te bespreek. Studente het na die tyd reflektiewe terugvoer oor die kampe verskaf en hulle reaksie was oorweldigend positief. Hulle het hulle waardering uitgespreek vir die geleentheid om meer op 'n akademiese gebied te leer, maar ook om hulle affektiewe vaardighede te ontwikkel.











# Die Gautengse Kodering en Robotika-kompetisie

Dosente van die vakgroep Rekenaarwetenskaponderwys, wat ook deel is van die Navorsingseenheid Selfgerigte Leer, is uitgenooi om die Gautengse Kodering en Robotika-kompetisie te beoordeel. Prof Marietjie Havenga en dr Sukie van Zyl het op 4 Maart ’n Gautengse groepkompetisie beoordeel en op 11 Maart het me Fotiene Avrakotos-King die Gautengse finale rondte van die kompetisie beoordeel. Die kompetisie is die inisiatief van die Britse Raad om programmering en komputasionele denke te bevorder. Leerders van graad 8 en graad 9 kon deelneem. Die nasionale wenners sal in die VK aan die internasionale been van die kompetisie deelneem. Leerders moes werklike probleme identifiseer en oplossings met behulp van mikrobistoestelle (sakgrootte rekenaars) programmeer. Ongeveer 20 spanne met 80 leerders het aan elke been van die kompetisie deelgeneem. Voorbeelde van projekte is die volgende:

- ’n Hoed wat ’n mens se liggaamstemperatuur moniteer
- ’n Vistenk wat voedsel op ’n gegewe tyd vrystel, die deksel toemaak en verhoed dat diere die vis vang deur ’n alarm te laat afgaan
- ’n Besproeiingstelsel wat grondvog meet
- Sonpanele wat roteer om die beste gehalte UV-lig op te vang





In die foto’s kan dr Sukie van Zyl en prof Marietjie Havenga (Potchefstroomkampus) saam met die span van die Hoërskool Waterkloof gesien word, en me Fotiene Avrakotos-King (Vanderbijlparkkampus) is hier saam met mnr Mohamed Ally, die Gautengse provinsiale koördineerder vir Rekenaartoepassingstegnologie en Inligtingstegnologie.



Die Gauteng wenner: Intelligente vistenk, deur leerders van Hoërskool Hugenote

# Buitengewone professor besoek Suid-Afrika: Professor Charlie Webber



Ons buitengewone professor van Kanada, Charlie Webber, het ons entiteit vanaf 4 tot 19 Maart 2023 besoek. Dit is altyd wonderlik om hom hier te hê, aangesien hy sy kennis oor onderwysleierskap uit sy internasionale ervaring met ons deel. Dit help ons almal om oor ons eie situasie na te dink en om ons praktyk op universiteits- en skoolvlak, asook ons navorsing, te verbeter. Prof Webber het nie net die Potchefstroomkampus besoek nie, maar ook die Vanderbijlpark- en Mahikengkampus. Hy het 'n dag op elke kampus deurgebring en individuele gesprekke met die lede van Edu-Lead gevoer.

Prof Webber het die grootste deel van sy tyd op die Potchefstroom-kampus deurgebring, waar hy ook gesprekke met die entiteitslede op die kampus gevoer het. Hy het die 2023-seminaar vir Onderwys-bestuur, Leierskap en Beheer bygewoon wat deur Edu-Lead aangebied is, en waar hy die gasspreker was. Sy aanbiedings het oor leierskapsparadigmas, vakbondorganisering, onderwyserleierskap en onderwysadministrasie en leierskap gehandel. Almal wat die seminaar bygewoon het, was beïndruk met die aanbieding van prof Webber en het werklik kennis uit die aanbiedings opgedoen.

Ons as Edu-Lead bedank prof Webber dat hy ons besoek het en soveel kennis met ons kollegas gedeel het. Ons hoop dat hy ons binnekort weer sal besoek.

# Afrika-samewerking oor vroeë kinderopvoeding

Drr Marinda Neethling en Susan Greyling van COMBER het Namibië en Zimbabwe in November en Desember 2022 besoek om samewerking te bevorder en vriendskappe op die gebied van vroeë kinderontwikkeling te smee.



Dr Susan Greyling (NWU), Dr Prospor Lunga, a Zimbabwean postdoc student in COMBER research entity of NWU, Dr Marinda Neethling (NWU), Dr Fay Chung (Former Minister of Education, Zimbabwe, and Founder member of FAWE)

Dr Neethling se navorsing fokus op die holistiese opleiding van versorgers by sentrums vir vroeë kinderontwikkeling in Afrika, waar hierdie versorgers dikwels oumas en/of moeders sonder formele kwalifikasies is. Dr Greyling se navorsing fokus op die bestuur van die sentrums, wat as 'n skaars vaardigheid beskou word.

Hulle ontwikkel saam opleidingsmateriaal vir versorgers en fokus op praktiese lesse en aktiwiteite om die holistiese ontwikkeling van die jong kind te stimuleer. Nadat hulle 'n paar sentrums besoek het, het die navorsers saamgestem dat dit belangrik is dat daar kontekstuele kennis en begrip moet wees en het ooreengekom dat daar wysigings aan die materiaal moet wees.

Toe hulle in Zimbabwe was, het die twee navorsers ook 'n welwillendheidsbesoek aan dr Fae Chung, die voormalige Zimbabwiese Minister van Onderwys en stigterslid van die forum vir vroueopvoeders uit Afrika (Forum for African Women Educationalists, FAWE) gebring. Dr Chung het haar beskouings gedeel oor die belangrikheid van vroeë kinderopvoeding op die Afrika-vasteland en die NWU geloof vir die werk wat hulle in hierdie verband doen.

Planne vir 2023 sluit in dat daar verdere samewerking tussen die medenavorsers uit Suid-Afrika, Zimbabwe en Namibië moet wees, asook verdere samewerking in a nder Afrikalande.



Dr Attwell Mamvuto (Deputy Dean: Faculty of Education, University of Zimbabwe), Dr Susan Greyling (NWU) Prof Oswell Hapanyengwi (Dean: Faculty of Education, University of Zimbabwe) Dr Marinda Neethling (NWU), prof Tsitsi Chataika (Research Director: Faculty of Education, University of Zimbabwe

# Blok B: Bekendstelling van die Navorsing-in-Aksie-veldtog

Mahikengkampus: Die dosente van Blok B het herfs in die gange gevier en ’n veldtog geloods wat hulle Navorsing-in-Aksie genoem het.

Tydens ’n navorsingsgesprek tussen dr De Klerk, dr Seherrie en dr Wessels is ’n uitnodiging aan alle kollegas van Blok B gestuur om deel te word van ’n navorsingsgroep met die doel om by artikelskrywing betrokke te raak.

Dr De Klerk het die kollegas gemobiliseer en ’n werksessie gefasiliteer waar navorsingsmoontlikhede bespreek is. Die kollegas het hulleself verbind om medeskrywers van ten minste vyf artikels te wees wat aan vaktydskrifte voorgelê sal word nadat goedkeuring van die verskillende wetenskaplike en etiekkomitees verkry is.

Dr De Klerk het al die kollegas na ’n herfsvieringsgeleentheid uitgenooi en op Donderdag 2 Maart 2023 die Navorsing-in-Aksie-veldtog namens Blok B amptelik geopen. Prof Mncube, prof Netshitangani, dr De Klerk, dr Khumalo, dr Mayombe en dr Dhlamini sal aan die kollegas leiding met betrekking tot navorsingskrywing verskaf. Blok B het tans die volgende ten opsigte van navorsing aan die gang: (a) 11 ingediende artikels, (b) vyf aanvaarde artikels (c) een gepubliseerde artikel vir die 2023- akademiese jaar. Tydens die bekendstelling van Navorsing-in-Aksie het dr De Klerk sy kollegas gemotiveer om *“van elke geleentheid gebruik te maak om van mekaar te leer en jouself te motiveer om ’n gesaghebbende oor jou werk te word”*.





# 2023-seminaar oor Onderwysbestuur, Leierskap en Beheer




Edu-Lead het op 16 en 17 Maart 2023 ’n nasionale seminaar op die NWU se Potchefstroomkampus aangebied. Gaste en kollegas van ander universiteite, ons studente, en amptenare van die Departement Van Onderwys het dit bygewoon. Die seminaar het plaasgevind tydens die besoek van ons buitengewone professor, Charlie Webber, wat ons internasionale gas en spreker by die geleentheid was. Prof Conley het die gaste verwelkom, terwyl prof Heystek, prof Van der Vyver, prof Smit, dr De Klerk, dr Shula en dr Challens onder die NWU-kollegas was wat aanbiedings by die seminaar gelewer het.
Prof Mthiyane van UP en personeellede van die Departement van Onderwys het ook aanbiedings gedoen.








Die aanbieders en almal wat by die seminaar was, het hulle verskillende menings en idees oor bestuur, leierskap en beheer in skole gedeel. Dit was die eerste seminaar van sy soort, en Edu-Lead beplan om dit 'n jaarlikse gebeurtenis te maak en dit te laat groei. Dit was 'n baie geslaagde geleentheid en ons sien daarna uit om nog sulke geleenthede te hou.

